



GIDS VIR NUWELINGE



UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918 · 2018

2019

saam vorentoe | masiye phambili | forward together



Het jy dit op jou selfoon gestoor?

NOODNOMMERS VIR STUDENTE OP STELLENBOSCH-KAMPUS

SSVO 24-Uur-Krisisdienst	010 205 3032 / 082 557 0880
Studentegemeenskappe (SSG)	021 808 2848
Risikobestuur en Kampussekuriteit:	
• Opskamer vir algemene navrae en aanmelding van risiko's	021 808 4666
• 24-Uur-Noodlyn vir rapportering van gevaar en ernstige insidente	021 808 2333
Die Ombudsman	082 807 2994
Polisieblitspatrolie	10111
Ambulans	084 124 (ER24) 082 911 (Netcare)
Medi-Clinic noodeenheid (24-uur)	021 861 2000

NOODNOMMERS VIR STUDENTE OP TYGERBERG-KAMPUS

SSVO 24-Uur-Krisisdienst	010 205 3032 / 082 557 0880
Studentegemeenskappe (SSG)	021 808 2848
Risikobestuur en Kampussekuriteit	021 938 9507
Die Ombudsman	082 807 2994
Polisieblitspatrolie	10111
Ambulans	084 124 (ER24) 082 911 (Netcare)
Gifinligtingsentrum	086 155 5777
Tygerberg Hospitaal	021 938 4911

BELANGRIKE NOMMERS: STELLENBOSCH-KAMPUS

Alle Navrae / Kliëntediens	021 808 9111
Akademie Belangeraad (ABR)	021 808 2493/2491
Beurse en Lenings	021 808 9111
Biblioteeknavrae	021 808 4883
Connect-kantoor	021 808 3632
Fasiliteitsbestuur	021 808 4666
Kaapse Instituut vir Landbouopleiding: Elsenburg	021 808 5453
Kampusgesondheidsdienste	021 808 3494/3496
Korporatiewe Kommunikasie	021 808 4977
Maatskaplike werker	021 808 4994
Maties Sport	021 808 4642
Ombudsman	082 807 2994
Primkomitee	021 808 2493/2491
Risikobestuur en Kampussekuriteit	021 808 4666
Sentrum vir Studentegemeenskappe (SSG)	021 808 2848
Sentrum vir Studenteierskap en -strukture (SSLS)	021 808 2312
Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling (SSVO)	021 808 4707
Sentrum vir Studentewerwing en Loopbaanadvies (SSWL)	021 808 4709
Studentegelde	021 808 4521
Studentesake	021 808 4585
Stellenbosch Studenteraad (SR)	021 808 2493/2491
Taalsentrum	021 808 2167
Toelating	021 808 9111
US Gimnasium	021 808 4428
Verenigingsraad	021 808 2493/2491

BELANGRIKE NOMMERS: TYGERBERG-KAMPUS

Alle Navrae	021 938 9111
Adjunkregistrator	021 938 9379
Akademie Belangeraad (TABR)	021 938 9591
Bemarkingskantoor	021 938 9202
Beurse en Lenings	021 938 9458/9129
Biblioteeknavrae	021 938 9368
Kampusgesondheidsdienste	021 938 9590
Maties Sport	021 938 9468
Ombudsman	082 807 2994
Risikobestuur en Kampussekuriteit	021 938 9507
Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling (SSVO)	021 938 9590
Tygerberg Gimnasium	021 932 2888
Tygerberg Hospitaal	021 938 4911
Primkomitee	021 938 9591
Studentesake	021 938 9461
Studenteraad	021 938 9591
Studentewerwing en -ondersteuningskantoor	021 938 9789/9461
Toelating	021 938 9378

INHOUD

STUDENTESAKE	2
Studente met Gestremdhede	2
Die US-Verwelkomingstyd	3
Wat is 'n kluster?	4
Wat is 'n PSO?	5
PSO-vervoerdien gedurende verwelkoming	5
Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling	6
Kampusgesondheidsdiens	7
Studenteraad 2018/2019	9
Akademiese Belangeraad	9
Verenigings	9
Primkomitee	9
Onderrigtale by die Universiteit Stellenbosch	10
Kennisgewing oor sosiale media	11
Versekering: Studente en hulle eiendom	11
Gratis skryfadvies	11
Bouwerk op kampus	12
Verwelkomingsambassadeurs	12
Nasionale Normtoetse	12
Verifikasie van internasionale graadstudente	13
Biblioteek	13
Maties Sport	14
Die US gee om vir die omgewing	15
Rekenaargebruikersareas	16
RGA-inligting	17
Neem jou veiligheid ernstig op	17
Twee opsies om as student te registreer	18
Regstrasieskedule 2019	18
Verlengde graadprogramme	19
Ouers se bekendstelling aan fakulteite	20
FAKULTEITSPROGRAMME	21
AgriWetenskappe	22
Ingenieurswese	23
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	24
Lettere en Sosiale Wetenskappe	25
Regsgeleerdheid	26
Teologie	27
Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	28
Natuurwetenskappe	30
Opvoedkunde	31
Parkering	32
Vervoer op US-kampusse	33
Tygerberg-kampuskaart	35E
Stellenbosch-kampuskaart	36E



@stellenboschuni @sustudentaffairs

Uitgegee deur Korporatiewe Kommunikasie in samewerking met
die Afdeling Studentesake, Universiteit Stellenbosch

Redakteur: Maretha Joyce
Ontwerp: Edward Mitchell
Drukwerk: African Sunmedia

STUDENTESAKE

Welkom by die Universiteit Stellenbosch (US). Daar wag 'n opwindende nuwe hoofstuk in jou lewe, en ons gaan dit graag saam met jou tegemoet. Gryp elke aktiwiteit en opleidingsgeleentheid aan wat die US jou bied, en gebruik die beskikbare ondersteuningsdienste en ontwikkelingsgeleenthede om van jou studies 'n sukses te maak.

Die Afdeling Studentesake speel 'n sleutelrol in die fasilitering van 'n betrokke en ondersteunende omgewing wat bevorderlik is vir studentesukses.

Die Afdeling bestaan uit drie sentra, naamlik die Sentrum vir Studentegemeenskappe (SSG), die Sentrum vir Studentevoorrugting en -ontwikkeling (SSVO) en die Sentrum vir Studenteleierskap en -strukture (SSLS). Verder is die Afdeling Studentesake verantwoordelik vir die koördinerings van die verwelkoming van nuwe studente.

Jou kluster, koshuis of PSO sal 'n belangrike rol speel in jou deelname en hoe jy Stellenbosch beleef. Dit moet eerstens 'n plek wees waar jy tuis voel en jou in staat stel om jou akademiese bedrywigheede gefokus aan te pak. Elke koshuis en PSO het 'n inwonende hoof of PSO-koördineerder, 'n Huiskomitee (HK) en 'n groep mentors om jou te ondersteun, en al hierdie portuurgroepe en personele vorm deel van 'n kluster waar 'n ResEd-koördineerder aan die hoof staan om 'n ondersteunende gemeenskap te skep.

Die verwelkomingsprogram is 'n volledig geïntegreerde program met akademiese, sosiale én algemene fasette in die strewe na een gemeenskaplike doel – om nuwelingstudente so gou moontlik in hul nuwe omgewing te laat tuis voel en vir suksesvolle studie voor te berei. Deur hierdie program wil ons elke nuwelingstudent graag 'n sinvolle en onvergeetlike verwelkoming gee – vandaar ons toegewyde strewe na en beoefening van die verwelkomingswaardes van gasvryheid, vriendelikheid en menswaardigheid.

Ons vertrou dat jou ervaring as 'n nuwe student positief, verrykend en onvergeetlik sal wees. Onthou dat jy hierheen gekom het om akademies suksesvol te wees. Soos jy hierdie deel van jou akademiese reis voortsit, kies aktiwiteite wat sal bydra tot jou positiewe groei, akademiese sukses en totale leerervaring. En onthou, ons is almal deel van hierdie gemeenskap.

Algemene kontakbesonderhede:
Adres: Bosmanstraat 15A, Stellenbosch
Tel: 021 808 9111
E-pos: studentesake@sun.ac.za
Besoeë: www.sun.ac.za/studentesake

 
@SUSStudentAffairs



STUDENTE MET GESTREMDHEDE

INLIGTINGSESSIE VIR STUDENTE MET GESTREMDHEDE EN HUL OUERS/VOOGDE

Studente met gediagnoseerde gestremdhede, wat akademiese of sosiale ondersteuning mag benodig, kan die sessie bywoon. Akademiese konsessies soos ekstra skryftyd sal ook bespreek word. Jy word uitgenooi om die inligtingssessie by te woon om te verneem watter ondersteuning by die Universiteit moontlik is gedurende jou studies. Hierdie sluit inligting oor die Nasionale Normtoets uit (kontak www.nbt.ac.za of tel 021 650 3523).

Stellenbosch-studente en hul ouers/voogde

Datum Donderdag 24 Januarie, 12:30 – 15:00 (instapsessie)

Plek Lokaal 357 (3de vloer), Lettere en Sosiale Wetenskappegebou, h/v Merrimanlaan en Ryneveldstraat

EKSTRA SKRYFTYD (STELLENBOSCH-KAMPUS)

Let wel Die sperdatums vir aansoek vir ekstra skryftyd vir toets en eksamens is:
18 Februarie; 11 Maart; 8 April; 6 Mei;
19 Augustus en 7 Oktober (verwag 'n respons binne 10 werksdae na elke afsnydatum).
Navrae Eksamenkantoor, Admin A (nr 1 op die kaart),
Tel 021 808 9111 of e-pos skryftyd@sun.ac.za.
Aansoekvorms beskikbaar by www.mymaties.com (eksamen- en toetsinligting).

EKSTRA SKRYFTYD (TYGERBERG-KAMPUS)

Let wel Weens verskillende roosters is sperdatums nie van toepassing nie.
Navrae Eksamenkantoor, me Desiree Petersen,
Tel 021 938 9142, Kamer 1048, Kliniese-gebou (nr 3 op die Tygerberg kaart).

DIE US-VERWELKOMINGSTYD: jou sleutel to sukses



UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100

1918 · 2018



GELUK MET JOU TOELATING TOT DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH!

Ons weet jy kom nie hierheen net vir 'n graad nie, maar ook om hierdie opwindende tydperk van jou lewe ten volle te geniet en ons sien uit daarna om jou hier te ontvang. Lees gerus deur hierdie brief om 'n idee te kry van wat jy op Stellenbosch kan verwag vandat jy op kampus aankom.

HOEKOM 'N VERWELKOMINGSPROGRAM?

Die verwelkomingsprogram stel jou bekend aan jou koshuis, Privaat Studente Organisasie (PSO), kluster en fakulteit sodat jy somer vinnig jou voete in jou nuwe omgewing kan vind. Met die bekendstelling aan jou koshuis of PSO ontmoet jy die gemeenskappe waarvan jy deel kan word. Al sal jy gedurende die verwelkoming baie eerstejaars in jou koshuis of PSO ontmoet, sal jou kluster veral vir jou nuwe wêreld ontsluit en jou aan nog méér eerstejaars blootstel wat moontlik dieselfde waardes en belangstellings as jy het.

Julle sal die fakulteite saam besoek, so teen jou eerste klas sal daar dus reeds 'n paar gesigte wees wat jy ken. Die bekendstelling aan jou fakulteit sal jou toerus vir die begin van jou akademiese loopbaan. Deur jou fakulteit se program noukeurig te volg, verseker jy dat jy reg is vir jou eerste dag van klas. Gebruik gerus die opwindende verwelkomingstyd as 'n geleentheid om krities oor jou omgewing, medestudente en leiers na te dink.

Wees die eerste om vrae soos die volgende te vra:

- Dra die aktiwiteite op die verwelkomingsprogram by tot jou ontwikkeling en voorbereiding vir die akademiese jaar wat voorlê?
- Stel die verwelkoming jou aan 'n positiewe omgewing en verhoudings bloot?
- Bied die verwelkoming jou die kans om jou waardes en belangstellings ten volle uit te leef?
- En veral: Dra die verwelkoming daartoe by om jou die persoon te maak wat jy nog altyd wou wees?

WAT MAAK DIE UNIVERSITEITSLWE SO UNIEK?

Noudat jy weet wat om van die verwelkoming te verwag, moet jy ook weet wat om nie te verwag nie: 'n herhaling van jou skoolervaring. Universiteit is 'n perd van 'n ander kleur. Universiteit gee jou die geleentheid om jou wêreld uit te brei en eindelose moontlikhede te ontdek en te ontgin. Of jy nou pas graad 12 voltooi het of reeds 'n oorbruggingsjaar agter die rug het, wees verseker dat jou universiteitservaring met niks anders vergelyk sal kan word nie. Universiteit is nie net daar om jou akademies te laat groei nie, maar gee jou ook die kans om ander fasette van jou lewe te verken. Hier het jy die vryheid om self jou vriende en rolmodelle te kies, en om aktiwiteite op die proef te stel wat jy dalk nog nooit teëgekomen het nie.

Wie weet, dit is dalk net die begin van 'n onvergeetlike ontdekkingsreis! Solank jy bereid is om hard te werk om jou drome te verwesenlik, het jy die potensiaal om enigiets te word wat jy wil wees. Hier het jy die geleentheid om jou eie stem te vind sodat jy aan die kritiese gesprekke op kampus kan deelneem.

Ten hierdie tyd het jy seker al baie gehoor van wat ander mense sê jy van jou eerste paar dae op universiteit kan verwag, maar dit is egter jôu kans om jou eie idees oor die verwelkomingstyd te vorm. Onthou, jy hoef nie net alles gedweë te aanvaar nie; dink eerder krities na oor jou ervaring van die verwelkomingsprogram.

HOE KAN JY DIT VIR JOUSELF UNIEK MAAK?

Op Stellenbosch glo ons dat studente ons kennisvennote is. Jou sukses op universiteit is dus ook in jôu hande. Sukses op universiteit beteken egter nie net suksesvolle voltooiing van jou studie nie, maar ook dat jy as mens gegroei en ontwikkel het.

Jy het die geleentheid om jouself én jou medestudente die volgende kritiese vrae te vra:

- Wat is vir jou belangrik?
- Watter aspekte van jouself wil jy die graagste ontwikkel?
- Buiten jou graad, waarmee wil jy eendag hier wegstap?
- Watter bydrae wil jy graag in jou gemeenskap maak?

Jy hoef nie tot 'eendag' te wag nie; begin vandag om 'n verskil te maak! Gryp elke geleentheid aan om herinneringe met nuwe én ou vriende te skep en nuwe vaardighede aan te leer, selfs buite jou lesinglokale. Verken die wêreld om jou, maar moenie die groter prentjie uit die oog verloor nie. Universiteit is nie net die tyd om jou graad te kry of om jou jonkwees te geniet nie, maar is ook jou kans om jou grense op 'n verantwoordelike manier te toets en jou horison te verbreed. Ons hoop jy sien uit na jou tyd op Stellenbosch, want ons is baie opgewonde om hierdie reis saam met jou aan te pak.

**Gryp elke geleentheid
aan om herinneringe
met nuwe én ou
vriende te maak en
nuwe vaardighede aan
te leer, selfs buite jou
lesinglokale.**

WAT IS 'N KLUSTER?

ALLE STELLENBOSCH-KLUSTERS ONTMOET OP SATERDAG 26 JANUARIE VAN 09:00 – 13:00

Nuwingstudente sluit aan by 'n kampus wat in luister-, leer- en leefgemeenskappe (LLL) verdeel is. Al die klusters, koshuise, Privaat Studente Organisasies (PSO's), mentorgroepe, tutorgroepe, en die luister-, leer- en leefhuise vir senior studente maak deel uit van LLL. Die doel van LLL is om die buite-klas-ervaring en die binne-klas-ervaring te integreer om akademiese sukses en 'n goed afgeronde opvoeding vir studente te verseker.

KLUSTERS

'n Kluster bestaan uit 'n aantal koshuise en een of twee PSO-gemeenskappe. Klusters speel 'n belangrike rol in die integrasie en ondersteuning van nuwingstudente op kampus, en verseker dat studente die Universiteit as 'n plek van omgee en koestering ervaar. Klusters integreer ook die universiteitservaring van koshuisstudente en studente in privaat huisvesting. Klusters word toenemend gebruik om die Universiteit te organiseer, bv sommige fakulteite maak van klusters gebruik as grondslag waarop vaktutorgroepe ingedeel word. Die koshuise en PSO's behoort tot een van ses klusters op Stellenbosch-kampus. Tygerberg-kampus maak 'n sewende kluster uit.

MENTORS

Mentors is senior-studente wat in koshuise en PSO's aangestel word om nuwingstudente by die universiteitslewe te help aanpas. Elke nuwingstudent kan toegang tot 'n mentor verkry. Die mentor speel reeds tydens die verwelkomingsperiode 'n belangrike rol met algemene hulpverlening rondom universiteitslewe-navrae en psigososiale ondersteuning. Die nuwingstudente het ook hierdeur die geleentheid om by die welweesprogram van die Universiteit in te skakel wat ten doel het om hul welwees dwarsdeur die jaar te bevorder. Tydens jou aankoms by jou betrokke koshuis of PSO, sal 'n mentor aan jou toegedeel word. Indien jy egter nie 'n mentor ontvang nie, of enige navrae het, kontak gerus Kliëntediens by tel 021 808 9111 of info@sun.ac.za.

KLUSTERBYEENKOMS (SLEGS STELLENBOSCH-KAMPUS)

Nuwingstudente kom van 09:00 – 13:00 op Saterdag 26 Januarie in hul klusters byeen waar hulle sal leer hoe hulle sosiale inskakeling by die Universiteit ook hul akademie kan ondersteun. Studente ontmoet ander in hul kluster wat in dieselfde rigting studeer en leer hoe hulle by die ResEd-inisiatief kan inskakel sowel as hoe mentors hulle kan help. Boonop word hulle bekendgestel aan die akademiese steungroepe aan die Universiteit, soos die Akademiese Belangeraad (ABR).

SAMESTELLING VAN KLUSTERS

amaMaties	Capri, Equité, Erica, Helderberg, Huis Neethling, Nemesia en Serruria
Rubix	Heemstede, Metanoia, Nerina, Pieke en Venustia
Tygerberg	Hippokrates, Huis Francie van Zijl, Huis Nkosi Johnson, Huis Ubuntu, Kerkenberg, Meerhoff en Osler
Validus	Academia, Concordia, Goldfields, Huis MacDonald, Huis Marais, Huis Visser, ISA, Lobelia, Nooitgedacht, Olympus en Simonsberg
VicMeyr	Aurora, Dagbreek, Huis ten Bosch, Lydia, Majuba en Minerva
Victoria	Harmonie, Huis de Villiers, Monica, Oude Molen, Silene en Wilgenhof
Wimbledon	Aristea, Eendrag, Helshoogte, Irene, Huis Russel Botman, Sonop en Vesta



WAT IS 'N PSO?

Een van die Universiteit Stellenbosch se sleutelfokusareas vir studente-ontwikkeling is die ko-kurrikulêre en buiteklas-ervaring. Die Privaat Studente Organisasies (PSO's) is geposisioneer om aan hierdie behoefte te voldoen en aan studente die geleentheid te bied om 'n gesonde en diverse Universiteitservaring te beleef. Alle studente wat nie van die universiteit se koshuisverblyf gebruik maak nie, is outomaties lede van 'n PSO – ongeveer 70% van die Universiteit se studente. Hierdie studente word verdeel in verskillende PSO's wat aan hulle al die geleenthede bied vir suksesvolle sosiale en akademiese integrasie op die kampus.

PSO's verskaf geen verblyf aan studente nie, maar PSO-studente kan onder andere hul studentekaarte gebruik om etes by 'n spesifieke koshuis in hul kluster te bespreek en geniet. Binne 'n PSO word 'n mentor aan elke nuwe student toegeken wat hul met alle prosesse kan bystaan.

Daar is tien PSO's op Stellenbosch-kampus en een op Tygerberg-kampus. Indeling in een van die tien PSO's vind plaas in terme van die

Universiteit se plasingsbeleid. Studente word per e-pos in kennis gestel van die spesifieke PSO waarby hulle ingedeel is. Inligting rakende die PSO-verwelkomingsprogram en waar hul ontmoet tydens verwelkoming, word ook per e-pos aan die studente gestuur. Die PSO's word gesamentlik deur die PSO-kantoor bestuur, wat binne die Sentrum vir Studentegemeenskappe in die Afdeling Studentesake geleë is. Studente kan nie van PSO verander nie. Jou indeling bly dus dieselfde vir die duur van jou universiteitsloopbaan.

Die PSO waarby die student ingedeel is, bepaal ook die kluster waaraan die student behoort. Indien jy geen inligting oor jou PSO-indeling ontvang het nie, kontak gerus die Kliëntediens by tel 021 808 9111 of info@sun.ac.za. Studente word ook aangemoedig om hulself te vergewis van die verpligte PSO-fooie soos dit jaarliks in die Universiteit Stellenbosch Studentegeldeboekie beskryf word.


PSO-VERVOERDIENS GEDURENDE VERWELKOMING

Die studente wat deel vorm van 'n Privaat Studente Organisasie (PSO), word aangemoedig om by die verwelkomingsprogram van hul betrokke PSO in te skakel. Aangesien die programme saans eindig, word 'n gratis vervoerdiens aan PSO-studente beskikbaar gestel om hul veilig tuis te besorg. Die vervoerdiens vertrek stiptelik om 19:00 en 21:00 vanaf die PSO-hub, Bosmanstraat 11, Stellenbosch en sal studente veilig in Stellenbosch, en by spesifieke sentrale punte in omliggende areas, besorg.

Die punte waar studente afgelaai kan word, is die volgende:

- SAPD-kantore: Bellville, Kuilsrivier, Athlone, Mitchells Plain, Paarl, Somerset-Wes en Kayamandi
- De Zalze Golflandgoed, Stellenbosch (hek)
- Paradyskloof, Stellenbosch (Engenvulstasie)
- Sonnebloemstraat, Idasvallei, Stellenbosch (Brent Oilvulstasie)
- Welgevonden, Stellenbosch (hek)
- Langstraat 87, Cloetesville, Stellenbosch (Engenvulstasie)
- Stellenbosch sentrale area, Stellenbosch

Hierdie vervoerdiens is slegs beskikbaar tydens die verwelkomingsperiode (23 Januarie – 02 Februarie). Studente moet asseblief vooraf, teen 18 Januarie, aandui of hul van die diens gebruik wil maak, asook watter aflaai-punt betrokke is. Dit kan aan die spesifieke Huiskomitee of aan die PSO-kantoor by pso@sun.ac.za deurgegee word.



SENTRUM VIR STUDENTEVOORLICHTING EN -ONTWIKKELING

Die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling (SSVO) is verbind tot die voorsiening van sielkundige, ontwikkelings- en ondersteuningsdienste aan die US-gemeenskap in ons strewe om vennote vir sukses te wees. Ons visie is om 'n toeganklike, inklusiewe en kliëntgesentreerde sentrum te wees, met ons waardes gebaseer op medemenslikheid. Die personeel sluit in sielkundiges (kliniese, voorligtings, opvoedkundige), 'n maatskaplike werker, sielkunde-interns, studente-assistente, projek/portefeulje koördineerders, 'n psigometris, ondersteuningsbeamptes en administratiewe personeel. Die SSVO bestaan uit vyf eenhede wat deur hul kernfunksies poog om burgerskap deur die fasilitering van welwees, persoonlike verantwoordbaarheid en volhoubare gelykheid, te bevorder.

Adres: Victoriastraat 37, Stellenbosch

Tel: 021 808 4707 / 021 808 4994

Tweede vloer, Studentesentrum, Tygerberg

Tel: 021 938 9590

Webblad: www.sun.ac.za/ssvo

24-uur-krisisdiens: 010 205 3032 / 082 557 0880

Die volgende eenhede word in vyf sentraalgeleë geboue in Victoriastraat gehuisves:

EENHEID VIR GELYKWAARDIGHEID (EVG)

Die Eenheid bevorder gesamentlike optrede ten opsigte van sosiale geregtigheid en diskoers rakende sosiale ongelykwaardighede by US. Daarmee saam skep ons ook bewustheid en doen opleiding oor seksualiteit, gender, MIV/Vigs en anti-diskriminasie in vennootskap met relevante kampusstrukture.

Behalwe vir die koördinering en implementering van die US-beleide oor Onbillike Diskriminasie en Teistering en MIV/Vigs, koördineer die EvG ook die hantering van gender geweld en die LGBTQI-gemeenskap. Ons dien as 'n gesentraliseerde eenstopdiens vir studente en personeel wat aanmeldings van onbillike diskriminasie, seksuele teistering en teistering hanteer. Die EvG bied instapdienste by Huis Simon Nkoli (Victoriastraat 39), insluitend gratis, vinnige en konfidentiële MIV toetsing en berading (e-pos hiv@sun.ac.za vir meer inligting) en die aanmelding van insidente van onbillike diskriminasie (e-pos unfair@sun.ac.za vir meer inligting). Ons telefoonnommer is 021 808 3136.

Indien jy enige vorm van onbillike diskriminasie, seksuele teistering of viktimisering van universiteitspersoneel of medestudente ervaar, wil ons jou aanmoedig om 'n direkte, amptelike aanmelding van die insident deur die instapdiens of nie-amptelik via unfair@sun.ac.za te voorsien.

Volg ons asseblief op Facebook en Twitter (@MatiesUrpas) vir inligting en om met ons in kontak te bly.

EENHEID VIR AKADEMIESE VOORLICHTING EN ONTWIKKELING (EAVO)

Die Eenheid lewer 'n ontwikkelingsgerigte diens wat fokus op die akademiese uitdagings wat studente mag ervaar. Die span bestaan

uit opvoedkundige sielkundiges, 'n psigometris en intern-sielkundiges. Ondersteuning word aan studente verleen deur hulp rakende studiemetodes, hantering van toets- en eksamenstres, tydsbestuur en die optimalisering van hulle potensiaal deur middel van individuele konsultasies, werksessies en selfhulpmateriaal. Loopbaanvoorligting is beskikbaar vir geregistreerde studente.

EENHEID VIR PSIGOTERAPEUTIESE EN ONDERSTEUNINGSDIENSTE (EPO)

Die Eenheid bied individuele, groepsterapie en werksessies. Vertroulike en professionele dienste word aangebied. Die Eenheid bied psigoterapie vir 'n wye spektrum van probleme wat studente ervaar, naamlik: depressie, hoë spanning, aanpassingsprobleme, middelmisbruik, verhoudings- of gesinsprobleme, ens.

Die Eenheid het siftingssessies vir slegs die Stellenbosch-kampusstudente geïmplementeer om studente wat sielkundige uitdagings ervaar, te fasiliteer. Hierdie diens word daaglik van 11:00 – 12:30 aangebied.

'n 24-uur-krisisdiens is ook beskikbaar vir geregistreerde studente vanaf 16:00 – 08:00 sowel as naweke.

Maatskaplike Dienste (Maatskaplike Werker) in samewerking met die Sentrum vir Studentegemeenskappe bied 'n instapdiens tydens die verwelkomingstydperk aan hoofsaaklik eerstejaarstudente, wat buite die Wes-Kaapprovinsie woon, en op kampus arriveer sonder bevestigde akkommodasie en finansiële advies. Gedurende die akademiese jaar bied die maatskaplike werker professionele dienste soos ondersteuning, leiding en berading aan studente met betrekking tot hul sosiale kwessies aan.

EENHEID VIR GESTREMDHEDE (EG)

Die Eenheid bied verskeie dienste aan studente met gestremdhede. Hierdie dienste kan die skep van toeganklike tekste insluit, die verwerking van toets- en eksamenkonsessies en advies gee oor koshuisplasing. Ons adviseer oor innoverende akademiese ondersteuning wat steuntegnologie insluit. Bewusmakingswerksessies oor gestremdheid word ook vir personeel en studente aangebied. Vir enige gestremdheidsverwante inligting kontak ons by disability@sun.ac.za. Volg ons op die Studentesake Facebook-blad sowel as Twitter: @sundisabilityupdate.

EENHEID VIR GRADUANDI-LOOPBAANDIENSTE (EGLD)

Die Eenheid bied studente-ondersteuning met betrekking tot die oorgang vanaf hoërsonderwys na die wêreld van werk. Dit sluit in individuele sessies oor jou loopbaan, werksessies oor CV skryf, onderhoudsvaardighede, jou aanlynprofiel en blootstelling aan netwerkgeleenthede met maatskappye via loopbaanbeurse en hulp met werksoekmetodes.

Die EGLD het 'n nuwe loopbaanuitstalling genaamd MatiesCareers, wat studente 'n maklike manier bied om werk te soek en aansoek te doen vir vakatures, internskappe, deeltydse werk en vrywillige werkseleenthede. MatiesCareers verskaf inligting oor die loopbaanuitstallings en werksessies wat deur die eenheid gefasiliteer word, en bied die geleentheid om aanlyn te registreer en te RSVP. Studente kan ook CV's oplaai vir potensiële werkgevers en soektogte doen na werkgevers en so in verbinding bly met die Eenheid.

KAMPUSGESONDHEIDSDIENS

Die Universiteit Stellenbosch Kampusgesondheidsdiens (KGD) lewer 'n geïntegreerde en toeganklike kampusgesondheidsdiens aan studente en personeel en beskik ook oor 'n goed toegeruste apteek. Die diens ondersteun die institusionele welweesinisiatiewe vir studente en personeel en word op beide die Stellenbosch-kampus en Tygerberg-kampus aangebied.

VINNIGE VRAE OOR KGD:

IS DIE DIENS GRATIS?

Dienste gelewer deur ons mediese dokters en fisioterapeute word gehef teen die minimum etiese tarief wat ons mag vra. Alle konsultasies deur ons professionele verpleegkundiges is gratis. Daar word vir medikasie 'n fooi gehef teen mediese fondstariese.

OP WATTER MANIER WORD BETALING VAN DIENSTE GEDOEN?

Ons is 'n geregistreerde diensverskaffer van alle mediese fondse in Suid-Afrika en Namibië en stuur dus alle rekeninge elektronies aan die mediese fondse. Ons aanvaar ook kontant-, kaart- en elektroniese betalings.

DEK KGD ALLE MEDIESE DIENSTE (BV X-STRALE EN TANDHEELKUNDE)?

KGD het professionele mediese dokters, fisioterapeute en verpleegkundiges. Alle ander dienste word verwys.

MOET EK IMMUNISEER WORD?

Dit is baie belangrik vir studente om van immunisering kennis te neem (veral eerstejaargestudente in koshuise). Die volgende immunisasies is opsioneel, maar word sterk aanbeveel:

- Griep – jaarlikse immunisering
- Meningitis – een inspuiting elke 3 jaar
- Masels, Pampoentjies en Rubella (Duitse Masels) – indien nie-immun, reeks van 2 immunisasies, jaarliks
- Hepatitis A en B – verpligtend vir Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe-studente; kombinasie (Twinrix) beskikbaar, reeks van 3 inspuitings oor 6 maande
- Menslike Papilloma Virus – reeks van 3 inspuitings oor 6 maande

Alle immunisasies is by KGD beskikbaar en pryse is op aanvraag beskikbaar. Kontroleer asb met u mediese fondse om uit te vind of immunisasies gedek word.

BIED KGD VOORLIGTING AAN STUDENTE?


Ons bied voorligting aan pasiënte wat vir spesifieke toetse/siftings kom, bv MIV-toetse en familiebeplanning. Ander voorligting word deur die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling (SSVO) aangebied. Hul tel is 021 808 4707.

IS VERVOER VIR PASIËNTE BESKIKBAAR?

Ons bied vervoer aan pasiënte wat binne die kampusradius is. Kontak Kampusgesondheidsdiens direk.

HOE MAAK EK 'N AFSPRAAK?

Afsprake kan gereël word deur ons te kontak op die nommers hier aangedui, of by ons spreekkamer.



WAT GEBEUR IN GEVAL VAN NOOD?

Kontak KGD gedurende kantoorure. Alternatiewelik kontak die volgende nommers:

Tydens kantoorure:

KGD noodnommer, tel 076 431 0305

Na-ure of gedurende naweke:

ER24-noodnommer, tel 010 205 3032

Stellenbosch Medi-Clinic, tel 021 886 9999 of 021 861 2000

US se 24-uur-krisislyn, tel 082 557 0880

Kontrasepsie-hulplyn, tel 0800 246 432

MIV-hulplyn, tel 0860 HIV 911

Vir meer inligting gaan na:

Webblad: www.sun.ac.za/english/CampusHealth

Facebook: www.facebook.com/Stellenbosch.University.CHS

Twitter: @CHS_StellUni

Alle praktyke is Maandae – Vrydae vanaf 08:00 – 17:00 oop.

Fisioterapeute

Tel: 021 808 3392

Langs die gimnasium in die Sportwetenskappegebou (nr 84 op die kaart)

Stellenbosch-praktyk

Tel: 021 808 3496/3494

Claassenstraat 7 (nr 16 op die kaart)

Tygerberg-praktyk

Tel: 021 938 9590

3de Vloer, Tygerberg Studentesentrum (nr 10 op die kaart)

STUDENTS' REPRESENTATIVE COUNCIL 2018/2019



Secretary General
Leighton September
leighonseptember@sun.ac.za



Vice Chairperson
Alex van Greuning
alexvang@sun.ac.za



Chairperson
Carli van Wyk
carlivwyk@sun.ac.za



Treasurer
Lauren Stevenson
laurens@sun.ac.za



Strategic Initiatives and Leadership
Lethiwe Mbatha
lmbatha@sun.ac.za



Student Wellness and Post Graduates
Melt Hugo
melthugo@sun.ac.za



Communications Officer and Transformation
Tariq Khan
tariq@sun.ac.za



Policy Officer
Mariné Bothma
mbothma@sun.ac.za



Student Access
Mthunzi Matshabane
mthunzim@sun.ac.za




Chairperson of Societies Council
Alchadvon Fransman
alchadvon@sun.ac.za



Chairperson of Academic Affairs Council
Eduard Beukman
eduard@sun.ac.za



Chairperson of Prim Committee
Paulu Joubert
paulu@sun.ac.za



Vice Chairperson of Prim Committee
Jané Fourie
fouriej@sun.ac.za



TSR Chairperson
John Kachoko
tsrchair@sun.ac.za



MASC Captain
Thembeke Myeko
thembimthembeke@gmail.com



Website: www.sun.ac.za/src
Office: 3rd Floor Neelsie
Tel: 021 808 2491/93
Email: sr@sun.ac.za



TYGERBERG REPRESENTATIVE COUNCIL 2018/2019

Financial Manager
Ruhann Botha
19790864@sun.ac.za

Student Development
Salathiso Mazaleni
21072574@sun.ac.za

Tygerberg Societies Council
Lynette Classen
19795858@sun.ac.za

Secretary/Sustainability
Sinethemba Toyo
18541003@sun.ac.za

Chairperson
John Kachoko
19173695@sun.ac.za

Media and Marketing
Samukelisiwe Mthembu
19908555@sun.ac.za

Tygerberg Academic Affairs
Ilana van Niekerk
tabrchair@sun.ac.za

Vice Chairperson
Ntsako Mtileni
19804660@sun.ac.za

Sport/Social Impact
Louiso Du Pisanie
19098634@sun.ac.za

Tygerberg Prim Committee
Cebolenkosi Mbhele
19831560@sun.ac.za

Student Wellness
Nqaba Mngomezulu
18955339@sun.ac.za

Student Services
Vukosi Baloyi
18294359@sun.ac.za

Tygerberg Post - Graduate Student Council
Lynette Classen
tpscchair@sun.ac.za



STUDENTERAAD 2018/2019

Die Studenteraad (SR) van die Universiteit Stellenbosch, is verantwoordelikheid om alle studente tydens die verwelkomingsprogram, registrasieperiode en gedurende hul amptstermyn te verteenwoordig en te ondersteun. Ons is gelukkig om binne ons gelede studente te hê wat op al die studenteierskapstrukture binne die universiteit dien, sodat ons studentesukses holisties kan verseker.

- Die SR neem aktief aan die verwelkomingsprogram deel deur studente te werf en op te lei om as SR-assistente op te tree en alle studente met navrae te help.
- Die SR ondersteun alle studente wat nie die aanvanklike koshuisgeld kan betaal nie of wat historiese skuld het en nie kan bekostig om vir die akademiese jaar te registreer nie. Dit val binne die *Register All*-projek wat 'n vaste bedrag bevat wat binne die SR se begroting toegewys is.
- Die SR, die Akademiese Belangeraad (ABR), Verenigingsraad en die Primkomitee (PK) werk gedurende die verwelkomingsprogram

nou saam om te verseker dat alle studente goed ingelig en ondersteun word tot en met die eerste akademiese dag.

- Die SR en die ABR staan studente wat akademies uitgesluit is by, asook diegene wat gedurende Januarie vir hul appèlkennissgewing wag. Studente word aangemoedig om die SR-kantoor te besoek vir enige ondersteuning gedurende hierdie tydperk om te verseker dat studentesukses en -welwees bevorder word.
- Die SR en die PK help studente wie nie in koshuise geplaas is nie en sukkel om akkommodasie te vind, om tydelik verblyf te kry gedurende die verwelkomingsperiode.

Die SR verteenwoordig alle studente van die Universiteit Stellenbosch as die hoogste studenteverteenwoordiger en besluitnemende liggaam. Die SR voorsien 'n progressiewe en vooruitstrewende gemeenskap met studentesukses as die kern. "Ons sien uit om jou op ons pragtige kampus te verwelkom."

AKADEMIESE BELANGERAAD

Die Akademiese Belangeraad (ABR) is 'n studenteliggaam met die primêre verantwoordelikheid om jou akademiese belange en ontwikkeling as student te verteenwoordig en te beskerm. Dit sluit in:

- Akademiese klagtes
- Taalkwessies
- HEMIS
- Toets- of roosterbotsings
- Plagiaat kwessies

- Probleme met dosente, mentors, tutors of tutoriaal-klasse
- Ko-kurrikulêre ontwikkeling

Indien jy enige probleme ondervind wat jou akademie beïnvloed, kan jy met ons gesels. Skakel ons of besoek ons Facebook bladsy: <https://www.facebook.com/abrstellenbosch> vir meer besonderhede. Of stuur 'n e-pos aan ons voorsitter, Eduard Beukman by eduard@sun.ac.za.

VERENIGINGS

Die verenigings van die Universiteit Stellenbosch maak die grootste en mees diverse buite-klas-aktiwiteite op kampus uit. Dit beteken alles van dans tot gemeenskapswerk, van seksualiteit tot godsdien en van nasionaliteite tot debat!

Die verenigings bied jou alles wat jy buite die klas wil hê:

- dit is 'n manier om nuwe mense te ontmoet en vriende te maak wat dieselfde belangstellings as jy deel;
- dit is 'n uitlaat vir jou passies, hetsy vir diere, kinders, mense, filosofie of gemeenskapsinteraksie;
- nuwe vaardighede en kursusse om jouself te ontwikkel; en

- sluit aan by 'n gemeenskap waar jy vriendskap en ondersteuning kan kry.

Besoek ons webtuiste by <http://www.sun.ac.za/afrikaans/students/student-societies> of stuur 'n e-pos aan ons voorsitter, Alchadvon Fransman by alchadvon@sun.ac.za vir verdere inligting.

Onthou ook om 'n draai by die Verenigingsuitstallings op Vrydag 25 Januarie asook in Februarie te maak.

PRIMKOMITEE

Die Primkomitee (PK) bestaan uit die Primarii van die 41 studente-gemeenskappe teenwoordig op kampus; dit sluit in koshuise asook Privaat Studente Organisasies (PSO's). Die PK dien as 'n platform vir leierskapsamewerking waar die Prims van die verskeie gemeenskappe idees en gebeure bespreek wat relevant is tot die gemeenskappe en breër kampus. Die PK het 'n voorsitter wat die koshuise verteenwoordig asook 'n mede-voorsitter wat die PSO's verteenwoordig; beide het 'n posisie op die SR en werk saam met die Sentrum vir Studentegemeenskappe om te verseker dat studentegemeenskappe se leierskap optimaal funksioneer.

Jy – ja, jy! – word verteenwoordig op die PK deur jou gemeenskap se Prim. Maak dus seker dat jy enige vrae, probleme, of bekommernisse na die leierskap in jou gemeenskap neem. Indien daar 'n probleem is wat jou gemeenskap se leierskap nie kan oplos nie, kontak gerus die PK-voorsitter, Paulu Joubert, by paulu@sun.ac.za, of die PK PSO mede-voorsitter, Jané Fourie, by fouriej@sun.ac.za. Wees deel van 'n ondersteunende studentegemeenskap gedurende jou tyd by Universiteit Stellenbosch en gryp alle geleenthede wat jou kant toe kom aan!

ONDERRIGTALE BY DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

Die Universiteit Stellenbosch (US) is verbind tot die omgang met kennis in 'n diverse samelewing en streef deur die Taalbeleid daarna om billike toegang tot die US uit te brei vir alle studente en personeel. Meertaligheid word as 'n belangrike onderskeidende kenmerk van die US bevorder. Afrikaans, Engels en isiXhosa word in akademiese, administratiewe, professionele en sosiale kontekste gebruik. Meer inligting oor taaltoepassing by die US is beskikbaar op die webwerf by www.sun.ac.za/taal.

TAALBELEID

Die Universiteit Stellenbosch het in 2016 'n nuwe Taalbeleid aanvaar. Hierdie beleid en die gekoppelde Taalimplementeringsplanne is reeds in 2017 geïmplementeer.

Elke fakulteit stel sy eie Taalimplementeringsplan op. Die nuwe beleid en planne sal verseker dat 'n student wat of nie Afrikaans of nie Engels op 'n akademiese vlak magtig is nie, nie van die akademiese onderrig uitgesluit sal word nie.

WAT KAN JY VERWAG?

Vir voorgraadse modules is Afrikaans en Engels die tale van leer en onderrig, wat gebruik sal word in 'n kombinasie van die volgende modusse:

- gefasiliteerde leergeleenthede (lesings, tutoriale en praktika);
- leerondersteuning deur middel van inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT), byvoorbeeld video- of klankopnames (potgooi); en
- intydse tolking gedurende sommige lesings.

Waar moontlik, sal daar vir groot klasgroepe afsonderlike lesings in Afrikaans en Engels aangebied word. In dieselfde module sal groepwerk, klasopdragte, tutoriale en praktiese sessies studente van albei taalgroepe betrek, juis om ter wille van openhartige debatvoering 'n diversiteit van idees en standpunte te kan stel.

Waar Afrikaans én Engels in dieselfde lesing gebruik word, sal alle inligting ten minste in Engels oorgedra word, met 'n samevatting of beklemtoning ook in Afrikaans. Vrae word ten minste in die taal waarin dit gestel is, beantwoord. Intydse tolking in die eerste studiejaar is nog 'n moontlike vorm van ondersteuning waar dit prakties haalbaar is. Vir sommige sessies, soos praktiese veldwerk of rekenaargeletterdheid, sou tolking nie sinvol wees nie. In die tweede en daaropvolgende studiejaar kan tolking op versoek van die fakulteit voorsien word.

Voorgraadse lesings mag moontlik net in een taal aangebied word waar die aard van die leerstof dit regverdig, die betrokke dosent slegs in een taal kan klas gee, of die klasgroep per stembrief eenparig vir een taal stem. Vir ten minste eerstejaarstudente sou intydse tolking na die 'ander' taal beskikbaar gestel kon word.

- Die taalmodus vir elk van jou akademiese modules sal in die betrokke moduleramwerk en ook op jou fakulteit se webblad aangedui word.

SÓ WORD JY ONDERSTEUN

Studente sal verder in Afrikaans én Engels ondersteun word deur konsultasies in kantoortyd; roetine-tutoriale en -praktika; inligtings- en



kommunikasietegnologie ondersteunde leer (klank- en video-opnames); en die dienste van die Taalsentrum.

Alle verpligte leesstof sal in Engels voorsien word en, buiten gepubliseerde materiaal, ook in Afrikaans. Die US se moduleramwerke en -studiegids sal steeds in Engels én Afrikaans beskikbaar wees. In voorgraadse modules word vraestelle vir toetse, eksamens en ander assesserings in Afrikaans én Engels opgestel, en kan studente alle assesserings en geskrewe werk in Afrikaans of Engels voltooi. Die meertalige model ondersteun Afrikaanse studente wat in hul eerste studiejaar nog nie Engels op 'n akademiese vlak bemeester het nie. Danksy dié akademiese ondersteuning behoort studente teen hul finale studiejaar nasionaal en internasionaal te kan meedoen.

JOU TERUGVOER KAN ANDER HELP OM SUKSESVOL TE STUDEER

Die Taalbeleid het nie ideologiese motiewe nie. Dit verleen nie 'n bepaalde status aan enige van Suid-Afrika se landstale nie; en die taalverdeling word ook nie deur die persentasie lesingtyd per taal gereguleer nie. Die US is van mening dat meertaligheid vir enige gegradueerde 'n addisionele bate is. Die oogmerk is wel om op praktiese wyse die onderrigtaal so toe te pas dat niemand van kennis uitgesluit sal word nie; dat een taal nie op studente afgedwing word nie; en dat studente aangemoedig word om addisionele tale aan te leer.

Die implimentering van meertaligheid is kompleks en daar is nie 'n universele kitsresep om te volg nie. Die taalvaardigheid van 'n betrokke groep studente is die grootste veranderlike – dit wissel van module tot module en van jaar tot jaar. Daarom moet taaltoepassing buigbaar wees om by studente se veranderende behoeftes te kan pas. Terugvoering aan dosente is belangrik. Deel voorbeelde van suksesvolle taalimplementering met mekaar en maak asseblief voorstelle ter verbetering in 'n positiewe en behulpame gesindheid.

Waar studente van mening is dat hul studiesukses benadeel word, of dat hulle van die akademiese aanbod uitgesluit word op grond van die onderrigtaal, kan die kwessie binne die departement en fakulteit aangemeld word, of ook via die fakulteit se verteenwoordigers in die Akademiese Belangeraad wat onder die vaandel van die Studenteraad funksioneer. As die interne prosesse nie 'n bevredigende oplossing bied nie, kan studente ook die universiteitsombud (ombud@sun.ac.za) nader.

KENNISGEWING OOR SOSIALE MEDIA

BELANGRIKE KENNISGEWING OOR DIE GEBRUIK VAN SOSIALE MEDIA DEUR STUDENTE EN PERSONEEL VAN DIE UNIVERSITEIT Stellenbosch

Die Universiteit Stellenbosch (US) erken die belang van die internet en sosiale media¹ in openbare meningsvorming oor die Universiteit, sy dienste, studente, personeel en belanghebbendes. Die US erken ook die belangrike rol van studente- en personeelinteraksie op sosiale media om gesprekke te help stimuleer. Daarom word studente en personeel aangemoedig om aanlyn oor universiteitsake of verwikkelinge in die hoëronderryssektor te kommunikeer. Dit is egter belangrik om in gedagte te hou dat die **gebruik van sosiale media as 'n kommunikasiekanaal onderworpe is aan bestaande beleide en prosedures** van die Universiteit, in die besonder:

- die Disiplinêre Kode vir Studente van die Universiteit Stellenbosch (vir studente);
- die Beleid oor Onbillike Diskriminasie en Teistering (vir personeel en studente); en
- die Elektroniese Kommunikasiebeleid (vir personeel en studente).

Alle studente en personeel is self verantwoordelik om hierdie beleide na te kom, en behoort tyd daaraan af te staan om dit te lees en te verstaan. Die beleide verbied wangedrag, teistering en viktimisasie op enige aanlyn platform. Aanlyn afknouery, skeltaal, naamskending, laster en/of beledigings val in dieselfde kategorie as soortgelyke kommunikasie van aangesig tot aangesig of op skrif. Bewerings van aanlyn wangedrag, teistering en viktimisasie word dus in 'n ewe ernstige lig as soortgelyke optrede deur die tradisionele kanale van mondelinge of skriftelike kommunikasie beskou.


Persone wat deur sulke gedrag (soos wangedrag, teistering of viktimisasie op sosiale media) benadeel word, kan dit by die Universiteit Stellenbosch se **Eenheid vir Gelykwaardigheid** aanmeld, wat op hulle beurt die saak na gelang van omstandighede na die Afdeling Studentedissipline (vir studente) of die Afdeling Menslike Hulpbronne (vir personeel) sal verwys.

Die kontakbesonderhede van die Eenheid vir Gelykwaardigheid is soos volg:

- unfair@sun.ac.za
- 021 808 3136
- Victoriastraat 39, Stellenbosch

Die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie ontwikkel tans 'n omvattende beleid oor sosiale media. Totdat dit in werking tree, bly die bepalinge van bestaande beleide en hierdie kennisgewing van krag.

¹ "Sosiale media" word omskryf as enige mobiele of webgebaseerde toepassing ("application") of diens waardeur 'n gebruiker inhoud skep en uitruil, soos blogs, wiki's, sosiale netwerke en ander interaktiewe webtuistes. Voorbeelde van sosiale media sluit onder meer in Facebook, Twitter, YouTube, Instagram en nuuswebtuistes wat lesers toelaat om kommentaar te lewer.



VERSEKERING: STUDENTE EN HULLE EIENDOM

"'n Veilige kampus vir almal"

– dié woorde gee uitdrukking aan 'n kernstrewende van die Universiteit Stellenbosch (US). Nie alleen voer die US 'n deurlopende veldtog om personeel, studente en besoekers bewus te maak van potensiele risiko's wat hul veiligheid en of gesondheid kan bedreig nie, maar waar nodig, word daar ook gebruik gemaak van die US Risiko-bestuur en Kampussekuriteit, asook die Suid-Afrikaanse Polisiediens, om sekuriteitsmaatreëls deurentyd toe te pas en te monitor.

Studente neem deel aan akademiese uitstappies, laboratoriumproefnemings, sport en ander vrywillige aktiwiteite, waar hulle aan risiko's blootgestel kan word. Die Universiteit neem alle redelike maatreëls om studente en hulle eiendom te beveilig wanneer hulle deelneem aan hierdie aktiwiteite en tydens hulle alledaagse kampuslewe. Dit is egter onmoontlik om alle risiko's uit te skakel.

Aangesien dit nie vir die Universiteit moontlik is om studente en hulle eiendom teen alle risiko's te beskerm nie, neem studente op eie risiko aan alle Universiteitsverwante-aktiwiteite deel.

Die Universiteit neem nie persoonlike ongevalleversekering, mediese versekering of enige ander versekering namens studente uit nie. Die Universiteit wil dit graag onder u aandag bring dat elke student verantwoordelik is vir sy/haar eie versekering en beveel dus aan dat hy/sy voldoende omvattende versekeringsdekking sal uitneem vir sy/haar persoonlike besittings, asook persoonlike ongevalle- en/of mediese versekering.

GRATIS SKRYFADVIES



Benodig jy 'n ekstra hupstootjie met jou skryftake? Is daar skryfkweessies wat pla?

Die Skryflab van die Universiteit se Taalsentrum bied gratis een-tot-een skryfkonsultasies aan alle US-studente en personeel. Vriendelike, opgeleide konsultante staan gereed om studente te ondersteun en raad te gee oor hulle skryfwerk. As jy nie aan die gang kan kom met 'n skryfopdrag nie, of bekommerd is dat jou idees nie so duidelik en vloeiend is nie, kan jy by die Skryflab leiding kry. Ons staan jou by soos jy jou skryfvaardighede ontwikkel en verfyn, en dit behoort beslis tot beter punte te lei.

'n Konsultasiesessie is 50 minute lank, maar ons moedig jou aan om ook vir opvolgkonsultasies te kom totdat jy tevrede met jou skryfwerk is.

Ons doen nie redigering by die Skryflab nie. Ons gee jou eerder raad oor hoe om jou skryfwerk te verbeter. Ons streef daarna om jou as skrywer toe te rus met skryfvaardighede wat jy ook in ander skryftake sal kan gebruik – op Universiteit en daarna.

Bespreek jou konsultasie aanlyn op KENAKO, die Skryflab se elektroniese afspraakstelsel, beskikbaar op die MySUN-portaal of deur die Taalsentrum by Banghoekweg 44 te besoek. Afsprake moet minstens 48 uur vooruit gemaak word.

Kontakbesonderhede

Anne-Mari Lackay (amlackay@sun.ac.za) of
Vinelen Hartley (vhartley@sun.ac.za)
021 808 2989/2161

Besoek ons webwerf vir meer inligting oor ander Taalsentrumdienste (<http://www0.sun.ac.za/taalsentrum>).

Universiteit Stellenbosch is konstant besig om die geriewe op kampus vir studente en personeel te verbeter en vir dié doel moet u asb kennis neem dat daar gedurende die 2019 akademiese jaar moontlik ook bouwerk in en rondom die inwoningsgeriewe op al die kampusse mag geskied.

Instandhoudings- en opgraderingsprojekte word ook deurgaans op al die Universiteit kampusse gedoen. Aan die begin van 2018 het daar byvoorbeeld 'n gefaseerde opgraderingsprojek by Helshoogte afgeskop wat eers teen die einde van 2020 voltooi sal wees.

Aangesien daar op vele terreine op alle kampusse deurlopende bouwerk plaasvind en almal op die een of ander wyse aanvanklik negatief hierdeur geraak word, sal daar nie enige "afslag" ten opsigte van inwoningstariewe oorweeg kan word nie. Studente en hul ouers kan egter verseker wees dat die welsyn, veiligheid en akademiese vordering van studente altyd voorrang geniet en dat die US alles moontlik sal doen om ongerief so ver moontlik te beperk.

Ten tyde van enige bouwerk sal alle moontlike reëlins getref word om die veiligheid van studente en hulle besittings te verseker. Vir groter projekte word gereelde vergaderings gereël waarheen aangewese verteenwoordigers van die koshuise genooi sal word. Hierdie verteenwoordigers sal getaak word daarmee om hul koshuise ingelig en op hoogte van sake te hou.

Waar bouwerk in die onmiddellike nabyheid van 'n Universiteits-koshuis geskied, mag werk voortgaan maar sal geen geraaswerk toegelaat word tydens die eerste eksamengeleentheid van elke semester nie. In sulke gevalle sal daar ook, in die week voor die aanvang van die eerste eksamengeleentheid, 'n beperking op werksure geplaas word ten einde studente genoegsame geleentheid te gee om voor te berei vir die naderende eksamen.

Verskeie alternatiewe studieruimtes is regdeur die jaar op kampus beskikbaar. Studente wat negatief deur bouwerk geaffekteer mag word, kan ter enige tyd van sodanige ruimtes gebruik maak.

Alle statutêre vereistes kragtens beroepsveiligheid word nagekom en elke projek se kontrakteurspan en werkers sal duidelik identifiseerbaar wees. Die veiligheid van ons studente is van kardinale belang.



Navrae vir Stellenbosch-kampus kan per e-pos gerig word aan mnr A.C. Kriel by ack@sun.ac.za.

Navrae vir Tygerberg- en Belvillepark-kampusse kan per e-pos gerig word aan mnr D.J. Theart by dtheart@sun.ac.za.



Twintig studente in geel T-hemde doen gedurende die verwelkomingsweek by verskillende punte op die sentrale kampus diens om inligting en rigtingaanwysing, na die lokale waar eerstejaarstudente en hul ouers moet wees, te verskaf. Die verwelkomingsambassadeurs is goed ingelig oor die programinhoud en waar die betrokke lokale geleë is. Hierdie diens is daarop gerig om 'n positiewe en verwelkomende bydra te lewer tot die eerstejaars, ouers en voogde se "Matie ervaring".

Daar is ook navrae-toonbanke in Admin B (Victoriastraat oorkant Wilgenhof) en Admin A by (die T-aansluiting van Ryneveld- en Crozierstraat).

E-posnavrae: info@sun.ac.za
Telefoniese navrae: 021 808 9111

NASIONALE NORMTOETSE (NNT)

Dit is **verpligtend** vir alle voornemende eerstejaarstudente aan die US, ongeag die jaar waarin gematrikuleer is of die eksamenstelsel wat gevolg is, om die Nasionale Normtoetse (in Engels die National Benchmark Tests) te skryf. Vir alle NNT-verwante besonderhede en besprekings, besoek asseblief die amptelike NNT-webtuiste by www.nbt.ac.za. Indien jy nog nie die NNT teen die **laaste amptelike toetsgeleentheid op 5 Januarie** geskryf het nie, kan jy 'n e-pos stuur na eloize@sun.ac.za of 021 808 4704 skakel en 'n afspraak maak om dit op **Saterdag 26 Januarie** op Stellenbosch af te lê. Besprekings kan tot **21 Januarie** gemaak word.

PRE-REGISTRASIE (VERIFIKASIE) VAN INTERNASIONALE GRAADSTUDENTE DOKUMENTASIE VOOR AKADEMIESE REGISTRASIE

(Slegs van toepassing op Stellenbosch-kampus studente)

Voorgraadse Internasionale nuwelingstudente (eerstejaarsstudente)

Die verifikasie van dokumentasie vir nuweling voorgraadse internasionale studente sal van Maandag 21 tot Vrydag 25 Januarie by die RWV Wilcocksgebou, Crossley Kamer 1023 plaasvind.

Studente moet die volgende verpligte dokumentasie toon vir pre-registrasie:

- Geldige paspoort en studievismum
- Bewys van Suid-Afrikaanse mediese dekking
 - ✓ Mediese dekking moet by die SA Raad vir Mediese Skemas geregistreer word ingevolge die Wet op Mediese Skemas, 1998.
 - ✓ Gebruik asseblief die volgende skakel om te verseker dat u die korrekte mediese dekking het:
www.medicalschemes.com/medicalschemes.aspx.
- Studente met permanente verblyfreg, vlugteling en asielseoekers moet nodige bewyse van hulle immigrasie dokumentasie indien – geen studievismum en mediese dekking word benodig nie.
- Bewys van betaling soos per jou toelatingsbrief.

Pre-registrasie is **nie** van toepassing op Suid-Afrikaners met buitelandse skoolkwalifikasies nie.

LET ASB OP:

- ✓ **Eerstejaar voorgraadse internasionale studente** hoef nie vir hul matrikulasievystellingsertifikaat aansoek te doen voor registrasie van die 2019 akademiese jaar nie. U moet egter verseker dat u aan die vrystellingsvereistes voldoen, deur u finale uitslae aan me Carmelita Talmarkes by ctalmarkes@sun.ac.za te stuur, voor pre-registrasie.
- ✓ **Suid-Afrikaners met buitelandse skoolkwalifikasies** moet u finale uitslae aan me Chantal Grove-Le Guillou stuur by chantalg@sun.ac.za.

'n E-pos wat bevestig dat u wel aan die vrystellingsvereistes voldoen sal aan u teruggestuur word.

- ✓ Alle **internasionale voorgraadse nuwelingstudente** moet dieselfde verwelkomingsprogram volg soos die SA-studente soos per die volgende skakel www.sun.ac.za/welkom en hierdie boekie.

Oriëntering word op **28 en 29 Januarie** in die Universiteit Stellenbosch Biblioteek aangebied om nuwe studente vertrouwd te maak met die volgende aspekte van die biblioteek:

- Bibliotekaris: ontmoet joune
- Eerstejaarsinligting op die biblioteek se tuisblad
- Eerstejaarsake: "assignment step by step"
- Leersentrum: bibplek vir eerstejaars

DEELNEMERS AAN DIE ORIËNTERINGSPROGRAM STAAN 'N KANS OM PRYSE TE WEN.



**Your library
Your heartBEAT**

Answer a question correctly after the presentations of an orientation video about the Library and Information Service and stand a chance to

WIN A PRIZE!!

Beantwoord 'n vraag korrek na afloop van 'n oriënteringsvideo oor die Biblioteek - en Inligtingsdiens en staan 'n kans om 'n

PRYS TE WEN!!

**LIBRARY ORIENTATION
BIBLIOTEEKORIËNTERING
28 - 29 JAN 2019**

Oriënteringsprogramme word ook by die volgende takbiblioteke aangebied: Teologie, Musiek, Ingenieurs & Bosbou, Geneeskunde & Gesondheidswetenskappe. Die oriënteringsprogram word in die daaropvolgende week met individuele opleiding opgevolg onder die vaandel **GetSmart@URLibrary**.

Ons nooi graag alle ouers van eerstejaarsstudente om die Universiteit Stellenbosch Biblioteek tydens verwelkoming te besoek. Kom kyk na die fasiliteite en dienste wat aan Matiestudente beskikbaar is. Besoek ons wêreldklas Africana versameling, Leersentrum en E-klaskamer. Die biblioteek is verbind tot die ondersteuning van die akademiese sukses van studente. Ons E-versameling sluit alle onderwerpe in, beide plaaslik en internasionaal.

Fakulteitsprogramme dui die datum en tyd van biblioteekbesoeke aan.

Navrae: Pieter du Plessis

Tel: 021 808 4882 | **E-pos:** dpupless@sun.ac.za | www.library.sun.ac.za





Jy! Ja, jy!

Het jy sport gedoen toe jy op skool was? Oorweeg jy dit om by 'n sportklub by die Universiteit Stellenbosch aan te sluit? Doen dit! Ons bied tot 'n e-sport-liga. En as sport nie vir jou is nie, kan jy steeds deel wees van die maroenmasjien deur 'n #MatiesMVF (*most valued fan*) te word. Volg ons op Facebook, Instagram en Twitter en word deel van die groter Maties Sport-familie.

Maties Sport heg groot waarde aan die bydrae wat sport tot studente-sukses kan lewer – hetsy jy 'n hoëprestasie-atleet is, of iemand wat net graag aktief en gesond wil wees.

Deelname aan sport leer studente selfdisipline en tydsbestuur en bied 'n belangrike uitlaatklep vir stres en spanning. Of jy nou op mededingende vlak aan sport deelneem of net vir ontspanning – dit bied aan jou die geleentheid om te sosialiseer, vriende te maak en 'n gesonde en gebalanseerde lewenstyl te handhaaf. Maties Sport aanvaar mede-verantwoordelikheid vir die optimale holistiese ontwikkeling van studente-atlete en die bemagtiging van hoëprestasie-atlete.

Daarom belê Maties Sport in sy hoëprestasie-sportkodes sowel as sy aktiewelewenstylprogram – en dit bied aan ALLE studente die geleentheid om 'n gesonder en gelukkiger lewenstyl na te volg.

Maties Sport het 30 sportklubs, wat dit maklik maak om 'n sport te vind wat by jou behoeftes en vaardighede pas.

Hoëprestasiesportkodes is: rugby, hokkie, netbal, sokker, atletiek, swem, krieket, basketbal, fietsry en tennis. Aktiewelewenstyl-sportkodes is: tafeltennis, muurbal, pluimbal, gholf, gimnastiek, roei, kano-vaart, seil, waterpolo, branderry, judo, perdry, vlugbal, skerm, skaak, onderwatersport, taekwondo, Ultimate (*frisbee*) en raseleiers (*cheer-leading*). Die Maties Parasport-klub bied ook atletiek, swem, fietsry, rolstoelrugby en doelbal vir persone met gestremdhede.

Jy sal die geleentheid hê om deel te neem aan plaaslike sowel as streek-, nasionale en selfs internasionale kompetisies, soos:

- Varsity Cup-, Varsity Sports-, Intervarsity- en USSA-kompetisies;
- Streek- en plaaslike ligas en kompetisies;
- Koshuisligas en -kompetisies.

Net 'n paar studente-atlete sal die voorreg hê om vir 'n Varsity Cup- of Varsity Sports-span gekies te word, maar dis nie 'n rede om by die huis te bly nie. Die fokus val net soveel op die ondersteuners as die spelers, en daarom het Maties Sport 'n veldtog begin om #MatiesMVF's (*most valued fans*) aan te moedig om hul spanne te ondersteun wanneer hulle tuis speel.



BAAT BY:

- Die Eenheid vir Hoëprestasiesport (<https://blogs.sun.ac.za/highperformance>). Bystand fokus hoofsaaklik op drie kernareas: Sportmedisyne, prestasieverbetering en bemagtiging;
- Die Eenheid vir Rekreasie en 'n Aktiewe Lewenstyl (RALU) wat die fisieke welwees van studente en personeel bevorder en 'n omgewing skep waar nie-konvensionele sport en aktiwiteite geniet en gespeel kan word;
- Die Sentrum vir Menslike Prestasiewetenskappe;
- Maties Gimnasium.

LAAI AF:

Kry die Maties App en bly op hoogte van alles – veral sportgebeure wat op kampus plaasvind.

KONTAKINLIGTING:

Tel: 021 808 4642

E-pos: matiesport@sun.ac.za

Web: www.sun.ac.za/sport

Facebook: www.facebook.com/SUMatiesSport

Twitter: @MatiesSport

Instagram: MatiesSport

Maties Sport-bekendstelling vir ALLE eerstejaars

Dag	Vrydag 25 Januarie
Tyd	15:00 – 18:00
Plek	Coetzenburg-sportgronde

DIE US GEE OM VIR DIE OMGEWING

Sistemiese volhoubaarheid by die Universiteit Stellenbosch is een van ons fokusareas.

Wat omgewingsvolhoubaarheid betref, is ons op agt gebiede werkzaam.

Ons beklemtoon vyf daarvan in hierdie grafika.

(Die ander drie gebiede is: Goedere en Dienste; Groen Geboue; Leierskap.)

ENERGIE

Ons missie vir 2024:

- **verminder** koolstofvrystelling en kweekhuysgasse
- **gebruik** hernubare energiebronne
- **verbeter** energiedoeltreffendheid op alle kampusse

Hoe ons op kampus bespaar:

- Energiebesparende gloeilampe
- Slim meters vir energieverbruik
- Natuurlike regulering van temperatuur d.m.v. plantegroei en boumateriaal
- Beweging-geaktiveerde ligte

AFVAL

Alle kampusse het 'n drie-drom-stelsel vir

- 1 herwinbare materiaal,
- 2 nie-herwinbare materiaal en
- 3 voedselafval/kompos

E-afval word by verskillende insamelingspunte deur die IT-departement afgehaal en word dan:

- herstel en opgegradeer vir **hergebruik** deur iemand anders of **herwin** vir sekere materiaal soos metaal, plastiek en glas.

Het jy geweet?

Oorskietkos uit kombuise en kafeterias word behandel en dan as kompos gebruik.

BIODIVERSITEIT EN GRONDGEBRUIK

Ons kampusse vorm deel van 'n groter, onderling verbonde ekosisteem en ons handelinge sal 'n uitwerking op die natuurlike omgewing rondom ons hê.

Ons fokusareas:

- 10% toename in koolstofsekwestrasie teen 2024 deur die aanplant van bome
- Verander 60% van alle landskappe om endemies en/of inheems te wees teen 2024
- 5% toename in gebiede wat as parkstroke ontwerp word
- 80% organiese plaagbeheer
- 80% gebruik van organiese bemestingstowwe in landskappe



WATER

Water is steeds een van ons kosbaarste hulpbronne in die Wes-Kaap. Ons is daartoe verbind om dit in die jare vorentoe slim te gebruik.

Hoe ons op kampus bespaar:

- Besproeiing met niedrinkbare water
- Waterbesparende stortkoppe, kraanbelugters en aangepaste spoelbakke in toilette
- Inheemse, waterwyse tuinverfraaiing
- Deurdringbare plaveisel wat afloopwater in staat stel om ondergrondse waterdraers aan te vul
- Die oes van reënwater
- Gebruik van gryswater vir spoel van toilette

VERVOER

Verminder koolstofvrystelling en vergeet van parkeerprobleme deur een van die volgende opsies vir vervoer te kies:

- **LOOP** langs die veilige, gepatrolleerde roetes vir voetgangers
- **RY FIETS** op 'n Matiefiets (te huur) of bring jou eie een
- **RY** op die kampus se pendelbus op sekere roetes
- **DEEL** 'n voertuig

Het jy geweet?

Die Universiteit Stellenbosch is die eerste universiteit in Suid-Afrika wat fietse te huur aan studente beskikbaar gestel het.

Besoek www.sun.ac.za/volhoubaarheid om uit te vind hoe jy kan bydra.



UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918 - 2018

Sistemiese
Volhoubaarheid
Systemic
Sustainability

REKENAARGEBRUIKERSAREAS (RGA's)



REKENAARGEBRUIKERSAREAS (RGA's)

Dit is verpligtend vir studente om by die rekenaar-gebruikersareas te registreer.

Om te kan registreer:

- moet jy kennis neem van die Universiteit se Elektroniese Kommunikasiebeleid by <http://www.sun.ac.za/ekb>;
- moet jy reeds as 'n student geregistreer wees;
- moet jou studentekaart geaktiveer wees en **moet jy jou kaart by jou hê**;
- het jy jou studentenommer nodig;
- het jy die brief of sms met jou wagwoord nodig wat aan jou gepos is; en
- **MOET jy jou studentenommer en jou ID nommer of paspoortnommer ken.**

TEGNOLOGIE OP KAMPUS

- Studente kan hulle eie toestelle (rekenaars, skootrekenaars, tablette of slimfone) aan die Universiteit se kampusnetwerk koppel, onderworpe aan sekere voorwaardes.
- Om lang tye te vermy, kan jy jou privaattoestel self aanlyn registreer. Meer inligting op <http://www.sun.ac.za/ITHUB>.
- Jou sentrale kontakpunt vir alle aanlyn-inligting is my.sun.ac.za. Hier sal jy toegang kry tot SUNLearn, jou eksamenuitslae, wagwoordverandering en vele ander dienste.
- Vir alle rekenaar- en IT-verwante inligting, besoek <http://www.sun.ac.za/ITHUB> of versoek 'n diens by <http://servicedesk.sun.ac.za>.
- Om op hoogte te bly van IT-nuus op kampus en in die res van die wêreld, volg ons op Twitter (@ITStellenUni).

RGA-INLIGTING

FHARGA

Waar?	Van Der Sterr gebou, h/v Victoria- en Bosmanstraat asook CJ Langenhoven Studentesentrum Vlak I (Neelsie)
Vir wie?	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
www?	http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/economy/ebsk
E-pos?	FHARGA@sun.ac.za
Wie's daar?	Neelsie Bestuurder: Johan van Rooyen, Kamer E9.2, tel 021 808 4113 Hoof Tegniese Beampte: Chris Bosman, Kamer E8.2, tel 021 808 3436 Assistent Tegniese Beampte: Thurlo Muller, Kamer E7.2, tel 021 808 3829 Van Der Sterr gebou Remé du Plessis, Kamer 3053, tel 021 808 3433 Tegniese beampte:

FIRGA

Waar?	Siviele Ingenieurswese-gebou, Algemenegebruikarea: Kamer S303, Derde vloer Elektroniese Klaskamers: Kamers S203 & S207, Tweede vloer
Vir wie?	Fakulteit Ingenieurswese
www?	http://www.firga.sun.ac.za
E-pos?	firga@sun.ac.za
Wie's daar?	Bestuurder: Johan Brand, Kamer S205, tel 021 808 3562, jbrand@sun.ac.za Junior Tegniese Beampte: Bennie Lindoor, Kamer S303, tel 021 808 4415, bennie@sun.ac.za Tegniese Beampte: Quinton Hendrikse, Kamer S203, qlh@sun.ac.za

HUMARGA

Waar?	Lettere en Sosiale Wetenskappegebou, Derde vloer, Merrimanlaan
Vir wie?	Fakulteite Lettere en Sosiale Wetenskappe, Opvoedkonde, Regsgeleerdheid en Teologie sowel as blinde en swaksigende studente van alle fakulteite
www?	http://www.sun.ac.za/humarga/
Wie's daar?	IT Bestuurder: Jan Louw, Kamer 301, tel 021 808 2128, jlo@sun.ac.za Assistent IT Bestuurder: Petro Newman, Kamer 301, tel 021 808 2128, pa@sun.ac.za Humaniora Kamer 306, tel 021 808 2129, humarga@sun.ac.za Hulptoonbank:

NARGA

Waar?	NARGA A, B & Oop Area: Admin A NARGA D: Kamer van Mynwese-gebou NARGA E, F, G & H: Natuurwetenskappe, Derde vloer
Vir wie?	Fakulteite Natuurwetenskappe & AgriWetenskappe
www?	www.sun.ac.za/science
E-pos?	narga@sun.ac.za
Wie's daar?	Bestuurder: Ilse de Kock, Kamer 2016b, Al Peroldgebou, tel 021 808 2682 Tegniese Beamptes: Johan van Rooyen & Richard Thompson, Admin A, lokaal 209 I, tel: 021 808 2203 (Hulptoonbank en Gebruikersondersteuning) Senior Tegniese Beampte: Brandon April, Natwet 3009, tel 021 808 2562 (Windows Sagteware) Hoof IT Dienste Paul Erasmus, Natwet 3007, tel 021 808 2698 (Linux Stelsel Administrateur)



NEEM JOU VEILIGHEID ERNSTIG OP

Studente behoort op Stellenbosch dieselfde voorsorg vir hul veiligheid te tref as elders in Suid-Afrika. Duisende slimfone, rekenars en motors lok misdadigers.

VOLG HIERDIE WENKE:

- Moet nooit alleen loop nie, veral nie saans nie. Maak planne om in groepe te loop, gebruik die pendeldiens of vra dat sekuriteit jou vergesel.
- Hou jou selfoon en waardevolle artikels buite sig van ander mense.
- Dra te alle tye 'n fluitjie en pepersproei om aandag te trek, indien nodig. Misdadigers haat aandag.
- Kies die veiligste roete, al is dit nie die kortste een nie. Victoriastraat en Bosmanstraat behoort die kern van jou roete te wees.
- Vermoed afgeleë gebiede, veral as jy vroeg in die oggend of laatmiddag oefen.
- Wees bewus van jou omgewing, want misdadigers hou daarvan om iemand te teiken wat nie bewus van sy/haar onmiddellike omgewing is nie.
- Bly op 'n veilige afstand as 'n motoris jou vir aanwysings vra.
- As jy vermoed dat iemand jou volg, verander van rigting.
- Wees 'n omgee-Matie: vergesel 'n vriend.
- Eiendom op 'n motorsitplek is aanloklik vir 'n dief. Sluit dit toe in die kasse.

SAAMSTAPDIENS: As jy ná donker (19:00 – 05:00) op die kampus tussen geboue of van 'n gebou na jou motor moet stap, sal 'n sekuriteitsbeampte jou vergesel. Skakel 021 808 4891 of alternatiewelik 021 808 4202. Jy kan ook die sekuriteitskantoor by 082 808 2333 Whatsapp, maar ongelukkig is stemoproep na hierdie nommer nie moontlik nie.

VEILIGSTE ROETES: Bosmanstraat en Victoriastraat met 'n mobiele sekuriteitskantoor wat snags beman word.

PENDELBUSSES: Die pendeldiens loop weekdae tussen 07:00 en 17:30 op 'n vasgestelde skedule van die algemene parkeerarea op die rand van die kampus na die sentrale kampus (bespreek aanlyn: www.sun.ac.za/mobiliteit-bussies).



NOODNOMMERS (bêre hierdie nommers op jou selfoon)
Stellenbosch-kampus 24-uur noodnommer: 021 808 2333
Navrae / aanmelding / saamstapdiens: 021 808 4202
Tygerberg-kampus 24-uur noodnommer: 021 938 9507
Whatsapp NOODMOMMER: 082 808 2333
www.sun.ac.za/veiligheid

TWEE OPSIES OM AS STUDENT TE REGISTREER

Daar is twee verskillende maniere beskikbaar waarvolgens jy amptelik as student van die Universiteit in Januarie kan registreer.

- selfregistrasie (e-registrasie), of
- die registrasieproses in NARGA op die Stellenbosch-kampus, of GERGA op die Tygerberg-kampus vir studente in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe.

SELFREGISTRASIE (E-REGISTRASIE)

- Indien jy die Nasionale Senior Sertifikaat of die IEB-sertifikaat verwerf het, sal jy van selfregistrasie gebruik kan maak.
- **Selfregistrasie van eerstejaarstudente kan vanaf 14 Januarie** tot die tydgleuf wat jy in NARGA of GERGA moet registreer, plaasvind.
- **Selfregistrasie kan gedoen word vanaf enige rekenaar met internettoegang op www.maties.com.**

Jy sal dan net jou studentekaart in die Studentesentrum (Neelsie) op Stellenbosch in die tydgleuf wat vir jou fakulteit se registrasie in NARGA bepaal is, of in GERGA indien jy op Tygerberg is, moet gaan kry.

Kandidate uit ander skoolstelsels kan nie self registreer nie. Dit sal wel baie nuttig wees indien kandidate uit ander skoolstelsels hulle finale skooluitslae, asook die sertifikaat van universiteitsvrystelling wat by die SA Matrikulasieraad verkry moet word, indien dit reeds verkry is, kan stuur na info@sun.ac.za. Jou studentenommer moet daarmee saam verskaf word.

NARGA of GERGA-registrasie


- Vir Tygerberg-kampus vind GERGA-registrasie reeds op Vrydag 25 Januarie plaas.
- NARGA-registrasie vir Stellenbosch-kampus vind per fakulteit, ingedeel in tydgleuwe, op Maandag 28 en Dinsdag 29 Januarie plaas.

- Let asseblief daarop dat eerstejaarstudente wat nie op hierdie datums geregistreer het nie en spesiale toestemming kry om nog te mag registreer (die program waarvoor jy wil registreer mag dalk reeds vol wees), later in die week saam met die senior studente van hulle fakulteit in NARGA moet registreer.
- Eerstejaarstudente wat later as dit registreer, sal 'n heffing van R500 moet betaal, met dien verstande dat hulle betyds toestemming by die betrokke Fakulteitsadministrateur gekry het om laat te registreer.

Indien jy in NARGA of GERGA gaan registreer, **moet jy die volgende oorspronklike dokumente toon** wanneer jy in jou fakulteit se geskeduleerde registrasie-tydgleuf daar aanmeld:

1. Uitslagadvies van die 2018 NSS- of IEB-skooleindeksamen.
2. NSS- of IEB-kandidate wat in 2017 of vroeër gematrikuleer het: Nasionale Senior Sertifikaat.
3. Kandidate uit ander skoolstelsels: skoolleidsertifikaat/e en universiteitsvrystellingsertifikaat uitgereik deur die SA Matrikulasieraad.
4. Kandidate wat by ander universiteite studeer het: Die dokument/e by 2 of 3 hierbo genoem, sowel as 'n volledige studierekord en bevredigende gedragssertifikaat van die betrokke universiteit.
5. Indien jy nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie: 'n geldige studiepermit.

Let asseblief op die kennisgewing oor die aflê van die Nasionale Normtoetse.



REGISTRASIESKEDULE 2019

VRYDAG 25 JANUARIE

Registrasie van alle nuwe eerstejaarstudente van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (**wat nie hulself via www.maties.com kon registreer nie**)

09:00 – 09:30	Huis Francie van Zijl
09:30 – 10:00	Kerkenberg en Meerhoff
10:00 – 10:30	Hippokrates
10:30 – 11:45	Osler (Privaat Studente-wyk)
Plek	Lokale soos aangedui in registrasie-inligtingstuk

14:00 – 16:00	Registrasie van nuwelingstudente vir B in Arbeids-terapie en B in Spraak-Taal- en Gehoortherapie wat nie hulself via www.maties.com kon registreer nie
Plek	Me Erina van Wyk, kamer A3008, Admin A, Stellenbosch-kampus

MAANDAG 28 JANUARIE

08:00 – 09:00	Opvoedkunde
08:30 – 09:30	Ingenieurswese
09:00 – 10:30	Regsgeleerdheid <i>LLB, BCom (Regsgeleerdheid), BRekLLB, BA (Regsgeleerdheid)</i>
10:30 – 11:30	Teologie
10:30 – 11:30	AgriWetenskappe
13:30 – 15:00	Natuurwetenskappe
14:30 – 16:00	Ekonomiese en Bestuurswetenskappe <i>BRek, BCom (alle programme, asook VGP)</i>

DINSdag 29 JANUARIE

08:30 – 11:00	Lettere en Sosiale Wetenskappe
----------------------	--------------------------------

VERLENGDE GRAADPROGRAMME

Verlengde graadprogramme (VGP) bied gekose studente die geleentheid om hulle studiebasis te versterk met die oog op uiteindelijke sukses.

Fakulteite wat verlengde graadprogramme aanbied, is:

- AgriWetenskappe
- Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
- Ingenieurswese
- Lettere en Sosiale Wetenskappe
- Natuurwetenskappe

Sien kontakbesonderhede hieronder indien jy enige vrae oor die verlengde graadprogramme het.

Alle eerstejaars neem deel aan vroeë assessering. Hiervoor sal hulle in die eerste ses weke van die akademiese jaar 'n vorm van assessering in alle eerstejaarsmodules aflê met die oog daarop om vroeg reeds 'n aanduiding van hul akademiese stand te kry. Dit is dus belangrik om jou van die begin af ten volle op jou studies toe te spits, sodat **vroeë assessering** 'n getroue weerspieëling van jou vordering kan bied.

LET WEL: Studente wat 'n verlengde graadprogram volg, registreer in fakulteitsverband op hetsy **Maandag 28 of Dinsdag 29 Januarie**. (Raadpleeg asseblief die kennisgewing oor registrasie wat die Registrator van die Universiteit afsonderlik aan jou gestuur het.)

Algemene navrae	Me Claudia Swart-Jansen van Vuuren claudias2@sun.ac.za 021 808 4502
AgriWetenskappe	Dr Natasja Brown nbrown@sun.ac.za 021 808 2015
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	Me Ilze Gelderblom ilzeg@sun.ac.za 021 808 9525
Ingenieurswese	Mnr Minnaar Pienaar mop@sun.ac.za 021 808 4205
Lettere en Sosiale Wetenskappe	Me Anita Jonker axjonker@sun.ac.za 021 808 2081
Natuurwetenskappe	Me Wilma Wagener ww@sun.ac.za 021 808 3063



OUERS SE BEKENDSTELLING AAN FAKULTEITE

(Studente uitgesluit, tensy anders vermeld.)

DONDERDAG 24 Januarie

Fakulteit	Tyd	Plek
AgriWetenskappe	14:30 – 16:30	Ouers ontmoet die Dekaan, prof Danie Brink & besoek departemente Plek: Lokaal 1002, JS Maraisgebou (nr 61 op die kaart)
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	14:30 – 16:00	Ouers van EBW-studente ontmoet die Dekaan, personeel en Studentekomitee (slegs ouers, geen studente) Plek: Coetzenburg-sentrum, Coetzenburg
Geneeskunde en Gesondheids-wetenskappe	09:00 – 10:30	Verwelkoming van ouers en nuwelingstudente deur die Dekaan, die Tygerberg-studenteraadsvoorsitter en ander rolspelers in die Fakulteit Plek: Tygerberg Sportsaal (nr 10 op die kaart)
	10:30 – 11:30	Ontmoeting van ouers en nuwelingstudente met onderskeie programkoördineerders van MB, ChB, B in Arbeidsterapie, B in Spraak-Taal- en Gehoorterapie, BSc in Dieetkunde, BSc in Fisioterapie en B in Verpleeg- en Verloskunde Plek: Onderwysgebou (nr 2 op die kaart)
	11:30 – 15:00	Studente-ondersteuningssessies vir ouers en kampustoere vir ouers en studente
	15:30	Vertrek na Stellenbosch vir die Rektor se Verwelkoming
Ingenieurswese	15:00 – 16:00	Ouers van eerstejaars (Afrikaans) ontmoet die Dekaan, prof Wikus van Niekerk Plek: Lokaal K302, Kennissentrum, Ingenieurswese
Lettere en Sosiale Wetenskappe	14:00 – 15:00	Ouers van BA (Sportwetenskap) studente ontmoet programkoördineerder Plek: Sportwetenskappegebou, Saal A (no 84 op die kaart)
	15:30 – 16:30	Ouers (alle programme binne Fakulteit) ontmoet die Dekaan, prof Anthony Leysens Plek: Endler, Konservatorium, Victoriastraat (nr 79 op die kaart)
Natuurwetenskappe	14:00 – 14:30	Ouers ontmoet die Dekaan (slegs ouers, geen studente) Hulp met module- en programnavrae (vir ouers) indien nodig Plek: Voorportaal, Wiskundige Wetenskappe & Bedryfsielkundegebou (no 67 op die kaart)
	14:30 – 16:00	Verwelkoming deur die Dekaan, prof Louise Warnich en die Visedekaan, prof Ingrid Rewitzky Plek: Lokaal 3001 (Afrikaans) OF Lesingsaal 1005 (Engels), Wiskundige Wetenskappe & Bedryfsielkundegebou
Opvoedkunde	15:00 – 15:30	Water Plek: Voorportaal, GG Cilliégebou (nr 76 op die kaart)
	15:30 – 16:30	Ouers ontmoet die waarnemende Dekaan, prof DJ Malan Plek: Lokaal 3001, GG Cilliégebou
	16:30 – 17:00	Ouers ontmoet dosente. Navrae tov registrasie, program en modules. Plek: Lokaal 3001, GG Cilliégebou
Regsgeleerdheid NEEM ASB KENNIS: Ontmoeting is op Dinsdag 22 Januarie	18:00 – 19:00	Ouers en eerstejaar-regstudente ontmoet die Dekaan, prof Nicola Smit Plek: Endler, Konservatorium, Victoriastraat (nr 79 op die kaart)
	19:00 – 20:00	Geleentheid vir informele gesprekke met Fakulteitslede Plek: Ou Hoofgebou (Fakulteit Regsgeleerdheid)
Teologie	15:30 – 16:30	Ouers ontmoet die Dekaan, prof Reggie Nel en die Teologiese Studentekomitee (TSK) Plek: Attie van Wijk Ouditorium, Fakulteit Teologie

FAKULTEITS-PROGRAMME



AgriWetenskappe



Ingenieurswese



Ekonomiese en
Bestuurswetenskappe



Lettere en Sosiale
Wetenskappe



Regsgeleerdheid



Teologie



Geneeskunde en
Gesondheidswetenskappe



Natuurwetenskappe



Opvoedkunde



AGRIWETENSKAPPE

● **Navrae** Monika Basson,
Tel 021 808 2978
Plek Lokaal 1033, JS Maraisgebou (Victoriastraat)

Alle navrae mbt die Fakulteit se Verwelkomingsprogram en akademiese aanbod kan aan personeel by bogenoemde lokaal gerig word.

VERPLIGTE INLIGTINGSESSIE

DONDERDAG 24 JANUARIE

Verpligte sessie vir AgriWetenskappe studente met:

- gemiddelde persentasie tussen **55% en 59,9% vir Wiskunde** en/of met gemiddelde persentasie tussen **45% en 49,9% vir Fisiese Wetenskappe** (Fisika en Chemie) [vir die programme wat lei tot BScAgric, BScBosb (Bosbou- en Natuurlikehulpbronwetenskappe), BScBewEkol, BScVoedselwet en BAgric (Agri-besigheidsbestuur)]; of
- gemiddelde persentasie tussen **60% en 69,9% vir Wiskunde** [vir die program BScAgric met Grondkunde en Chemie as hoofvakke en vir die program BScBosb (Hout en Houtprodukkunde)]; en/of met gemiddelde persentasie tussen **55% en 59,9% vir Fisiese Wetenskappe** (Fisika en Chemie) [vir die program BScBosb (Hout en Houtprodukkunde)]; en/of
- wie voorwaardelik toegelaat is tot die **Verlengde Graadprogram**.

Tyd 15:30 – 16:30
Plek Lesinglokaal 1002, JS Maraisgebou (nr 61 op die kaart)
Navrae Dr Natasja Brown, tel 021 808 2015

Let wel

- Dit is verpligtend vir alle AgriWetenskap-studente om die volledige program by te woon.
- Studente wat die programme **BSc Voedselwetenskap, BSc Bosbou en Houtwetenskappe** en **BSc Bewaringsekologie** volg, skakel in by die Verwelkomingsprogram van die Fakulteit AgriWetenskappe.
- Die **BAgric** program [uitgesonderd BAgric (Agri-besigheidsbestuur)] word in samewerking met die Elsenburg Landbou-Opleiding Instituut aangebied. Studente ontvang hul opleiding by Elsenburg en volg Elsenburg se verwelkomingsprogram. Navrae: Desiree Chinasamy-Dampies, tel 021 808 5457 of DesireeCD@elsenburg.com.

DONDERDAG 24 JANUARIE

14:30 – 16:30 Ouers ontmoet die Dekaan en besoek departemente (**slegs ouers, geen studente**)
Plek Lokaal 1002, JS Marais, Victoriastraat

15:30 – 16:30 **VERPLIGTE SESSIE**

SIEN INLIGTING BO

VRYPDAG 25 JANUARIE

08:00 – 15:00 **VERPLIGTE FAKULTEITSPROGRAM VIR ALLE AGRIWETENSKAP-STUDENTE**

- Verwelkoming deur die Dekaan
- Assessering
- Akademiese leiding
- Akademiese- en studente-ondersteuning

- Middagete in die Fakulteit
 - Departementele besoeke
- Lokaal 1002, JS Marais, Victoriastraat

Plek

MAANDAG 28 JANUARIE

08:30 – 10:30 Verpligte mySun, SunLearn & Lab Online oriëntasie
Plek Lokaal 1002, JS Marais (Engels);
Lokaal 1011, Van der Sterr (Afrikaans)

10:30 – 11:30 Registrasie
Plek NARGA, Noordelike ingang, Admin A (sien registrasieprogram)

11:30 – 12:30 **Slegs** dié studente wat toegelaat is tot die **Verlengde Graadprogram (VGP)**
Plek Lokaal 1005, Wiskundige Wetenskappe en Bedryfsielkundegebou

14:00 – 17:00 Registrasie, oriëntering en plasing ten opsigte van rekenaargebruikersarea – verpligtend vir alle studente **uitgesluit** Hout en Houtprodukkunde

Maak asseblief seker dat jy jou studentekaart en die skrywe van die US met jou gebruikersnaam en wagwoord saambring.

14:00 – 15:30 Vanne A – L
15:30 – 17:00 Vanne M – Z
Plek Lokaal 3011, Derde Vloer, Natuurwetenskappegebou (NARGA H)

14:00 – 17:00 Rekenaaroriëntering: **Slegs Hout- en Houtprodukkunde – Afrikaans** (sluit aan by Ingenieurswese-studente)
Plek S207A en S207B, Ingenieursgebou, Banghoekweg

Maak asseblief seker dat jy jou studentekaart en die skrywe van die US met jou gebruikersnaam en wagwoord saambring.

DINSDAG 29 JANUARIE

08:30 – 11:00 **Verpligte sessie**
Akademiese leiding, roosters & lesingorganisasie Eksamens
Nie-akademiese- & studente-ondersteuning
Plek Lokaal 1002, JS Marais (Engels)
Lokaal 1011, Van der Sterr (Afrikaans)

11:15 – 12:30 “Amazing Race”
Plek Ontmoet by die hoofingang, JS Marais

14:00 – 15:00 **Biblioteekbesoek** (vanne A – L)
Plek Universiteit Stellenbosch Biblioteek

14:00 – 15:00 **Verpligte werkwinkel** (vanne M – Z)
Plek JH Neethling Quad-area

15:00 – 16:00 **Biblioteekbesoek** (vanne M – Z)
Plek Universiteit Stellenbosch Biblioteek

15:00 – 16:00 **Verpligte werkwinkel** (vanne A – L)
Plek JH Neethling Quad-area



WOENSDAG 30 JANUARIE

08:00 – 12:30

Welgevalle Proefplaas besoek – alle studente, **uitgesluit Bosbou en Houtwetenskappe**
Paul van der Bijl-laboratoria, Welgevalle Proefplaas

Plek

Besoekpunte:

- Agromie, Planteteelt en Genetika
- Akwakultuur
- Hortologie, Grondkunde en Plantpatologie
- Veekunde
- Wingerd- en Wynkunde
- Bewaringsekologie
- Voedselwetenskap

Belangrik

Gemaklike klere en **stapskoene** (toe skoene); iets warm om aan te trek

09:00 – 10:00

Rekenaroriëntering: **Slegs Hout- en Houtprodukkunde – Engels**

(sluit aan by Ingenieurswese-studente)

Plek

S207A en S207B, Ingenieursgebou, Banghoekweg

10:30 – 12:30

Departementele besoek – **slegs Bosbou- en Houtwetenskappe-studente**

Bekendstelling van eerste semester modules en besoek aan Jonkershoek

Studente moet gepaste, toe skoene dra

Plek

Ontmoet by die hoofingang, Paul Sauer



• **Navrae** August Engelbrecht

1 Tel 021 808 3947

Plek Lokaal A213, Algemene Ingenieursgebou, Banghoekweg

Ure 08:00 – 15:30

Alle navrae mbt die Fakulteit se Verwelkomingsprogram en akademiese aanbod kan aan personeel by bogenoemde lokaal gerig word.

LET WEL: Alle Afrikaanssprekende studente volg hierdie program

DONDERDAG 24 JANUARIE

15:00 – 16:00

Ouers van eerstejaars ontmoet die Dekaan, prof Wikus van Niekerk

Plek

Lokaal A303B, Algemene Ingenieursgebou

VRYPDAG 25 JANUARIE

Geen formele fakulteitsprogram vir die dag nie.

MAANDAG 28 JANUARIE

Program vir Afrikaanssprekende studente vind in **A303B** in die **Algemene Ingenieursgebou** plaas, tensy anders vermeld.

08:00 – 08:15

Verwelkoming deur die Dekaan, prof Wikus van Niekerk

Plek

Area voor die Algemene Ingenieursgebou

08:30 – 09:30

Registrasie van alle nuwe eerstejaars wat nie reeds aanlyn registreer het nie, ook eerstejaar VGP-studente

Plek

NARGA, Noordelike ingang van Admin A

10:15 – 10:30

Eerstejaars verdeel in groepe vir besoeke aan departemente. Seniorstudente vergesel groepe.

10:30 – 12:30

Ontmoet Departementele Voorsitter. Algemene oriëntering van departement se graadprogramme, fasiliteite en laboratoria.

12:30 – 13:30

Etensuur by koshuis / PSO

14:00 – 17:00

Rekenaroriëntering – **doen handboek-bestellings op rekenaarstelsel** (slegs Afrikaanse studente)

Plek

S207A en S207B (Elektroniese lokale, Siviële Ing)

DINSdag 29 JANUARIE

09:00 – 10:30

Studente ontmoet hul dosente vir vak-oriëntering

10:30 – 11:00

Blaaskans

11:00 – 11:30

Fakulteit se ondersteuningsprogramme vir eerstejaars: (Dekaansperiodes, Fasiliteerde groepleersessies, Hersieningslesings, Opvoedkundige Sielkundiges, ens)

11:30 – 12:30

Eerstejaars ontmoet die Ingenieurstudenterraad (ISR). Lede van ISR verduidelik hul verskillende posisies in die Fakulteit.

WOENSDAG 30 JANUARIE

Afrikaanse studente het geen program vir die oggend nie.

12:00 – 12:45

Alle VGP-eerstejaars ontmoet me W Wagener en prof AH Basson

Plek

Reitsaal

14:00 – 17:00

Alle eerstejaars ontvang hul handboeke Voorportaal, Algemene Ingenieursgebou

Plek



i Algemene navrae	US Kliëntedienssentrum
Tel	021 808 9111
Plek	Admin A
Akademiese navrae	Me Nazli Daniels
Tel	021 808 4837
Plek	Admin A, Lokaal 2036
Verwelkomingsprogram	Me Ilze Gelderblom
Tel	021 808 9525
Plek	CGW Schumann, Lokaal 706

Alle navrae mbt die Fakulteit se Verwelkomingsprogram en akademiese aanbod kan aan personeel by bogenoemde lokale gerig word.

DONDERDAG 24 JANUARIE

14:30 – 16:00	Ouerontmoeting met die Dekaan Ouers van EBW-studente ontmoet die Dekaan, personeel en Studentekomitee (slegs ouers, geen studente)
Plek	Coetzenburg-sentrum, Coetzenburg
Let wel	Die Rektorsverwelkoming volg om 18:00 reg langs die Coetzenburg-sentrum

VRYDAG 25 JANUARIE

09:00 – 10:30	Verpligte inligtingssessie vir alle eerstejaarstudente Studente ontmoet die rolspelers in die Fakulteit insluitende die Dekaan, Visedekane, dosente, Studentekomitee en steunpersoneel en verkry belangrike en waardevolle inligting rakende hul studies.
Plek	NG Kruiskerk, op die hoek van Victoria- en Ryneveldstraat

MAANDAG 28 JANUARIE

08:30 – 11:00	Verpligte Biblioteekbesoek EBW-studente besoek Universiteit Stellenbosch Biblioteek vir 'n oriëntering (meld 10 minute voor afspraak by ontvangs van biblioteek aan).
	Die groepe is soos volg ingedeel:
08:30 – 09:00	Groep 1 (vanne A – F)
09:00 – 09:30	Groep 2 (vanne G – L)
10:00 – 10:30	Groep 3 (vanne M – Q)
10:30 – 11:00	Groep 4 (vanne R – Z)
08:30 – 11:00	E-mazing Race EBW-studente verken die kampus op 'n pret manier en vind uit in watter geboue hulle op die eerste dag van klas moet wees. Studente leer ook hoe hulle rooster werk, watter departemente daar in die Fakulteit is, watter ondersteuning die Universiteit aanbied en vele meer.
	PRYSE TE WEN!
08:30 – 09:00	Groep 4 (vanne R – Z)
09:00 – 09:30	Groep 1 (vanne A – F)
10:00 – 10:30	Groep 2 (vanne G – L)
10:30 – 11:00	Groep 3 (vanne M – Q)
Plek	Universiteit Stellenbosch Biblioteek (trappe)
14:30 – 16:00	Akademiese registrasie Alle studente wat nog nie elektronies geregistreer het nie

Plek	NARGA, Noordelike ingang van Admin A (sien registrasieprogram)
-------------	--

DINSdag 29 JANUARIE

